Son 6 Sept (Joh 12:24) Here Jesus, dankie dat Ons U vandag weer opnuut kan ontmoet en versterk kan word met die gebruik van die Nagmaal. Neem ons geheel en al in U besit sodat ons soos die koringkorrel sal sterwe om in U weergebore te word. Laat ons U bo alles liefhê, en ook ons medemense soos onsself. Laat ons diep onder die besef kom van U groot liefde en genade en maak ons dankbaar.	V	**Son 13 Sept (Joh 4:24)** Heilige God, U verdien ons opregte aanbidding. Laat ons gees ingestel wees op U Gees, sodat alle ander dinge sal verdwyn en ons U stem sal hoor. Ons bied aan U ons lewens om gereinig te word van alle sonde. Laat ons nie op onsself gerig wees nie, maar laat ons besef dat alles om U eer gaan. Gee ons die gesindheid van ons Here, Jesus. Amen	V	**Son 20 Sept(Titus 2)** Lewende God, baie dankie vir die bybel wat so 'n ryk inhoud het en wat deur U Gees self geinspireer is. Dit bevat die gesonde leer en riglyne vir die lewe. Dit vertel ons van U genade wat verlossing bring. Dit leer ons van geloof, liefde en volharding. Dit voed ons op om met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug te lewe. Dankie vir U Woord!
Ma 7 Sept(Hand1:8) Here Jesus, U is ons Leidsman en Meester. Ons dra vandag ons kerkraad aan U op. Dankie dat hulle gehoorsaam was toe U hulle geroep het vir spesiale diens in U kerk. Gee dat hulle getrou sal wees, dat elkeen met U in 'n geloofsverhouding sal staan. Gee aan hul die wysheid om die regte besluite te neem en die pad wat U aandui te volg.	O	**Ma 14 Sept(1Kor1:18-21)** Here, U wil nie hê dat iemand verlore sal gaan nie. Leer ons om waardige getuies vir U te wees, om ander te lei om toegewyde volgelinge van Christus te wees. Laat ons vir mense wat in 'n doodloopstraat is weer hoop bring. Waar daar onvrede is, laat ons vrede bring. Laat ons warmte en liefde uitstraal. Laat ons getrou bid vir mense wat U nodig het.	O	**Ma 21 Sept(Joh 13:8-17)** Here Jesus U het Uself nie te belangrik geag om die voete van U dissipels te was nie. U hele lewe hier op aarde het getuig van nederigheid, liefde, deernis en selfopoffering. Ja, U het die hoogste offer aan die kruis betaal, ter wille van die redding van sondaars. Ons pleit vir sondaars wat nog nie U verlossing aanvaar het nie.
Di 8 Sept(Matt 4:23) Here, toe U op aarde was het die mense hulle siekes en gestremdes na U toe gebring en U het hul na liggaam en siel genees. Vandag bid ons U seën af op al die siek en gestremde mense in ons gemeenskap. Help asb almal wat as gevolg van siekte of gebrek nie meer kan doen wat hulle graag wil nie. Wees asb met hulle wat pyn verduur of wat swak, doof, blind of verlam is.	L	**Di 15 Sept(Ps 68:20-21)** Almagtige God, dankie vir die liefde waarmee U ons elke dag versorg. Dankie vir U beskerming, ook vir die klein dingetjies wat op die oog af na blote toeval lyk. Dikwels besef ons eers later dat dit deel van U goddelike plan was. Ons dink aan almal wat U hulp so nodig het. Ons dink aan hulle wat in ernstige finansiële nood verkeer. Wees U kinders asb genadig.	L	**Di 22 Sept(Jos1:9)** Barmhartige God, dankie dat ons ook met ons emosionele behoeftes na U toe kan kom. U ken die verlatenheid van hulle wat eensaam is. U ken die pyn van mense wat geliefdes verloor het. U weet van elke hart se smart. U sien die wanhoop wanneer daar nie geld is nie. U is bewus van die onrus oor 'n onseker toekoms. Here, vertroos en bemoedig asb elke onstuimige hart.
Woe 9 Sept(Ps 92:13-14) Ons loof U, almagtige God! Ons prys U heilige Naam! Saam met die hele skepping roep ons uit:"Die Heer is groot, Sy Naam is groot, oneindig groot is Sy werke!" Ons aanbid U met verwondering in hierdie lentetyd waar al die bome begin bot en dit orals vol blomme is. Gee dat ons geestelike lewe ook 'n lentegroei in oorvloed sal ervaar.	H	**Wo. 16 Sept(Gen 12:1,4)** Heilige God, help ons om te volhard op die pad van geloof. Maak ons doelgerig, ons oë gerig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Die pad vorentoe is vir ons onbekend, tog hoef ons nie te vrees nie omdat U ons vooruit gaan en ons van agter af beskerm. Help ons om U te vertrou.	H	**Wo 23 Sept(Luk1:46-48)** Here, ons glo waarlik dat U groot en heerlik en verhewe bo alle dinge is! Maar ons moet bely dat ons vrese, bekommernis en optredes dikwels hierdie geloof weerspreek. Leer ons om al ons moeilikhede met moed en krag te hanteer. Maak ons bewus van U lewende teenwoordigheid. Laat U vrede en blydskap beslag neem van ons lewens.
Do 10 Sept(2Kor 9:10) Skepper van die aarde, dankie dat die natuur altyd weer nuut begin na die rus van die winter. Dankie vir die sonskyn, die groen gras, die pragtige blomme met hulle reënboogkleure en soet geure, dankie vir die voëls wat sing en bedrywig is. Dankie dat U ook vir ons die geleentheid gee om nuut te begin. Dankie vir U Gees wat in ons werk.	A	**Do. 17 Sept(Ps103:1-2)** Ewige God, dankie dat ons deel kan wees van U kerk hier op aarde. Dankie dat U die geloof in ons harte bewerkstellig het. Dankie vir ons gemeente, vir gemeenskap van gelowiges, vir Christenvriende en kleingroepies wat in U Naam vergader. Dankie dat Jesus ons met bande van liefde aan Homself en aan mekaar gebind het.	A	**Do 24 Sept(Titus 3:4-7)** Genadige God, op hierdie erfenisdag is ons harte vol vreugde en dankbaarheid teenoor U. Alles wat ons het en alles wat ons kan geniet hier in ons land en in die wêreld is onverdiend, net genade alleen. Dankie vir ons taal en ons kultuur wat vir ons kosbaar is. Dankie dat U ons in Christus erfgename gemaak het van U groot rykdom en 'n ewige lewe saam met U.
Vry 11 Sept(Hebr 13:15 -16, 1 Tess 1:6) Ewige Gees van God, dankie vir die werk wat U in ons lewens doen. Dankie dat ons 'n spesiale verhouding met die drie-enige God kan hê en dat ons ook die verhoudinge met ons gesinslede aan U kan opdra. Ons gesinne is kosbaar. Herstel asb gebroke verhoudings in ons huise. Laat U liefde ons onderhou en dra. Sonder U kan geen huisgesin staande bly nie; ons wil U weer eerste plaas en U alleen dien.	R	**Vry 18 Sept(Spr 23:23-25, Spr 1:7)** In U groot wysheid, Here, het U die mens geskape met verstand en met die vermoë om te kan leer. Seën asb al die skoliere en studente wat reeds besig is om voor te berei vir die evaluering van die werk wat hulle gedurende die jaar gedoen het. Ons bid ook spesiaal vir die matrieks wat nou in die finale fase van hul skoolloopbaan is, dat U hulle sal seën met wysheid, kalmte, moed en gesondheid.	R	**Vry 25 Sept(Rom 12:2-21)** Here Jesus, U is die Vredevors wat dit vir ons moontlik gemaak het om innerlike vrede te hê. Ons bely die onvrede in ons families wat dikwels vir jare aanhou en ons pleit dat U in ons harte sal werk. U kan gesindhede verander. Laat ons nie langer die bitterheid koester nie. Laat ons mekaar vergewe en die minste wees. Laat daar weer vrede, liefde en eensgesindheid in families wees.
Sat 12 Sept(2Kor 9:8) Voorsiener-God, ons bring vandag ons hele gemeente na U toe.Baie dankie dat U ons onverdiend geseën het en gedra het tot hiertoe. Dankie ook vir ds Attie en sy gesin.Ons het so baie om voor dankbaar te wees. Ons bid dat U ons ook vorentoe in oorvloed sal seën sodat ons skure vol sal word en ons in alles genoeg sal hê om voort te gaan met U werk.	D	**Sat 19 Sept (Ef 3:16-21)** Onse God, ons bid dat U deur U Gees aan ons leraars die krag sal gee om innerlik sterk te wees. Versterk asb hulle geloof. Gee aan hulle die begrip van die grootheid van U liefde en van U almag sodat hulle met oortuiging die evangelie sal verkondig. Laat hulle elke dag hulle krag by U soek en U Gees toelaat om in en deur hulle te werk.	D	**Sat 26 Sept(1Petr 5:6-11)** Here, ons glo dat U wat Koning is reeds die Satan oorwin het. Ons weet ook dat hy ons vyand is wat soos 'n brullende leeu rondloop op soek na iemand om te verslind. Ons bid spesiaal vir ons geestelike leiers wat dikwels geteiken word om deur die bose aangeval te word. Laat hulle die duiwel teëstaan en standvastig bly in die geloof. Hou U hulle asb staande.